# 16 *Woensdag*

**SKRIFGEDEELTE: GENESIS 38:12-18, 24-30 (NAV)**
**FOKUSGEDEELTE: RUT 4:12**

**Peres – God sorg vir die voortbestaan van sy verbondsvolk**

Juda se seuns was Er, Onan en Sela. Er trou met Tamar, maar sterf kinderloos. Onan sluit ’n leviraatshuwelik met Tamar om ’n nageslag vir sy broer te verwek, maar kom nie sy pligte na nie en God straf hom met die dood. Sela was nog te jonk vir ’n leviraatshuwelik. Met ’n slim plan verlei Tamar haar skoonpa en daar word tweelingseuns gebore – Peres en Serag. Peres word as die belangrikste seun van Juda beskou (vgl. Gen. 46:12). Miskien het dit iets met sy naam te doen. Alhoewel sy broer eerste gebore moes word, het Peres uitgekom en het die vroedvrou gesê: *“Jy het met krag vorentoe gekom.”*

As die leiers in die stadspoort later ’n seën oor Boas uitspreek omdat hy ’n leviraatshuwelik met Rut aangaan, is die bede dat sy nageslag soos dié van sy voorvader Peres sal wees. In die geskiedenis van Peres sien ons hoe die Here sy verbondsvolk in stand hou. By Tamar was daar ’n toestand van dood, maar die Here het lewe gegee. Peres word gebore. Peres was die voorvader van Boas en Boas die voorvader van Dawid. So het God gesorg dat die verbondslyn kon voortgaan, dat Jesus Christus uit die nageslag van Peres gebore kon word.

In sy verbond het God belowe dat hy vir sy volk ’n God sal wees in die geslagte. Deur Jesus Christus het God vir ons ’n God en Vader geword. Peres se lewe spreek van God wat lewe gee uit ’n toestand van dood.

Deur ons geloof in Christus ontvang ons ook lewe uit ’n toestand van sondedoodsheid. Ons kan nou as God se verbondskinders met krag vorentoe kom, want ons het die hoop op die ewige lewe. Niks kan ons meer van die liefde van God skei nie.

Die Heilige Gees laat ons nou met krag vorentoe tree sodat ons die sonde kan teëstaan en so saam met Christus meer as oorwinnaars oor die sonde en dood kan wees.

*Sing: Skrifberyming 5-4:2, 5, 6*

*Ds. MAF (Andries) Kruger (Alberton)*